THE

SOUTH AFRICAN

ASSOCIATION OF BOTANISTS

CONSTITUTION

Private Bag X101
PRETORIA

January 1985

CONTENTS

		Page
1.	THE ASSOCIATION	1
1.1	Name	1
1.2	Objects	1
2.	MEMBERSHIP	1
2.1	Membership	1
2.2	Corporate membership	1
2.3	Honorary members	1
2.4	Qualifications for ordinary membership	1
2.5	Life members	2
2.6	Qualifications for affiliate membership	2
2.7	Qualification for student membership	2
2.8	Qualification for institutional membership	2
2.9	Election to membership	2
2.10	Liability	2
2.11	Termination of membership	3
3.	COUNCIL	3
3.1	Management	3
3.2	Composition of the Council	3
3.3	Eligibility of council members	3
3.4	Election of council members	3
3.5	Vacancies among council members	4
3.6	Alternates to members of council	4
3.7	Terms of office of council members	4
3.8	Election of council members	4
3.9	Executive committee	5
3.10	Secretariat	5
3.11	Minutes	5
3.12	Subscriptions	5
3.13	Assets and accounts	5
3.14	Auditing of accounts	6
3.15	Signatories	6
3.16	Annual report and accounts	6
3.17	Indemnity	6
3.18	Incorporation of kindred institutions	6
3.19	Regional branches	6
3.20	By-laws	7
3.21	Interpretation	7
4.	MEETINGS OF THE ASSOCIATION	7
4.1	Annual General Meetings	7
4.2	Special General Meetings	8
4.3	Notice of Annual General and Special General Meeting	8
4.4	Omission of notice of meeting	8
4.5	Voting	8
4.6	Voting by proxy	8
4.7	Amendments of the constitution	8
4.8	Dissolution	9
5.	MEDALS AND AWARDS	9
5.1	The South African Medal for Botany	9
5.2	The SAAB Senior Medal for Botany	10
5.3	The SAAB Junior Medal for Botany	11
5.4	The SAAB Certificate of Merit	12

REGLEMENTE

		Bladsy
1.	VERKIESING TOT LIDMAATSKAP	13
1.1	Verkiesing of oorplasing deur Raad	13
1.2	Verkiesing van gewone lede en geaffilieerde lede	13
1.3	Verkiesing van studentelede	13
1.4	Oorplasing na nuwe graad van lidmaatskap	13
1.5	Verkiesing van erelede	13
2.	LEDEGELDE	14
2.1	Ledegelde	14
2.2	Jaarlikse ledegelde betaalbaar	14
2.3	Nalatiges	14
2.4	Ledegeld by bereiking van aftree-ouderdom	15
2.5	Kwytskelding van ledegelde	15
2.6	Instituutafgevaardigdes	15
3.	VERKIESING VAN RAADSLEDE	15
3.1	Verkose raadslede	15
3.2	Die uitvoerende komitee van die Raad	16
4.	DIE RAADSVERGADERINGS EN -PLIGTE	16
4.1	Voorsitter	16
4.2	Stemprosedure	17
4.3	Aanstelling van komitees en verteenwoordigers	17
5.	ALGEMENE VERGADERINGS	17
5.1	Voorsitter	17
5.2	Kworums	17
5.3	Stemming	17
6.	STREEKSTAKKE	18
6.1	Reëls	18
6.2	Versoek om 'n streekstak te stig	18
6.3	Streekskomitees	18
6.4	Notule	18
6.5	Jaarverslae en rekeninge	18
6.6	Finansies	18
6.7	Studentetakke	19
6.8	Ontbinding van 'n streekstak	19
7.	AFBAKENING VAN STREKE	19
7.1	Streke	19
7.1.1	Noordelike Transvaalstreek	19
7.1.2	Suidelike Transvaalstreek	19
7.1.3	Oranje-Vrystaatstreek	19
7.1.4	Natalstreek	19
7.1.5	Oostelike Kaapprovinsiestreek	19
7.1.6	Suidwestelike Kaapprovinsiestreek	19
7.1.7	Suidwes-Afrika/Namibiëstreek	19

DIE SUID-AFRIKAANSE GENOOTSKAP VAN PLANTKUNDIGES

1. DIE GENOOTSKAP

1.1 NAAM

Die naam van die Genootskap is "Die Suid-Afrikaanse Genootskap van Plantkundiges", hierna die "Genootskap" genoem.

1.2 DOELSTELLINGS

Die Genootskap is gestig vir die bevordering van Plantkunde, om die status van hierdie beroep te bevorder en te handhaaf, asook om alles te doen wat wenslik mag wees om hierdie doelstellings te verwesenlik.

2. LIDMAATSKAP

2.1 LIDMAATSKAP

Die Genootskap bestaan uit Erelede, Gewone Lede, Lewenslede, Geaffilieerde Lede en Studentelede wat behoorlik deur die Raad verkies is, asook Instituutslede.

2.2 VOLLE LIDMAATSKAP

Slegs Erelede, Gewone Lede en Lewenslede is op die regte en voorregte van Volle Lidmaatskap geregtig.

2.3 ERELEDE

Erelede is persone wat die Genootskap spesiaal wil vereer vir buitengewone dienste wat hulle aan die Genootskap of aan Plantkunde gelewer het.

2.3.1 Nominasies vir Erelidmaatskap kan deur 'n Volle Lid, ondersteun deur ten minste tien (10) Volle Lede aan die Raad voorgelê word. Verkiesing geskied deur geheime posstembriefies. Om verkies te word moet,

(a) minstens driekwart van die Raadslede hulle stemme uitbring, en
(b) minstens driekwart van die stemme uitgebring, ten gunste van die genomineerde wees.

2.4 BEVOEGDHEID VIR GEWONE LIDMAATSKAP

'n Gewone Lid moet ten tyde van sy verkiesing aan die volgende vereistes voldoen:

(a) Hy moet ten minste 'n vierjarige Honneursgraad in Plantkunde of 'n gelykwaardige kwalifikasie verwerf het,

of

hy moet 'n vierjarige kursus in Plantkunde voltooi het en 'n honneursgraad of gelykwaardige kwalifikasie van 'n universiteit ontvang het.

(b) Hy moet in die normale uitvoering van sy pligte hom besig hou met die beoefening van Plantkunde as beroep.

(c) As persoon moet hy sodanig wees dat sy verkiesing tot lid, volgens die oordeel van die Raad, in die belang van die Genootskap sal wees.

(d) Die Raad het die reg om in buitengewone omstandighede enige persoon tot lid te verkies wat kragtens sy posisie en ervaring op die gebied van Plantkunde verkiesingswaardig is.

2.5 LEWENSLEDE

Gewone lede kan Lewenslede word na betaling van 'n bedrag wat in die Reglemente neergelê word, en hulle is onthef van die betaling van enige verdere ledegelde.

2.6 BEVOEGDHEID VIR GEAFFILIEERDE LIDMAATSKAP

'n Geaffilieerde Lid moet 'n persoon wees wie se werk in verband met Plantkunde staan of wat belang het by Plantkunde maar wat nie oor die nodige kwalifikasies en/of ervaring, wat vir Volle Lidmaatskap 'n vereiste is, beskik nie. As persoon moet hy sodanig wees dat sy verkiesing as Geaffilieerde Lid, volgens die oordeel van die Raad, in die belang van Plantkunde sal wees.

2.7 BEVOEGDHEID VIR STUDENTELIDMAATSKAP

'n Studentelid moet 'n bona fide student wees wat opleiding ontvang om hom as plantkundige te bekwaam.

2.7.1 Studentelidmaatskap, kragtens paragraaf 2,7, is geldig slegs tot aan die einde van die Genootskap se jaar waarin die studentelid die ouderdom van 25 jaar bereik. Daarna sal dit jaarliks deur die Raad oorweeg word of die betrokkene se studentelidmaatskap voortgesit behoort te word.

2.8 KWALIFIKASIE VIR INSTITUUTSLIDMAATSKAP

'n Organisasie kan, na betaling van 'n fooi, soos neergelê in die Reglemente, 'n Instituutslid word.

2.9 Verkiesing tot lid sal geskied volgens die Reglemente.

2.10 AANSPREEKLIKHEID

Die aanspreeklikheid van lede vir die skulde en ondernemings van die Genootskap is beperk tot die bedrag van alle onopbetaalde ledegelde.

2.11 TERMINATION OF MEMBERSHIP

Membership of any member may be terminated by Council if it is convinced that such membership is not to the advancement of Botany or the Association. A two-third majority is necessary for membership termination and at least 8 Council Members should take part in the voting.

3. COUNCIL

3.1 MANAGEMENT

Subject to the Constitution and in conformity with the By-laws, the management of the affairs of the Association shall be vested in the Council.

3.1.1 The Council shall meet from time to time to conduct the affairs of the Association.

3.1.2 At meetings of the Council the quorum shall be six members.

3.2 COMPOSITION OF THE COUNCIL

3.2.1 Council

Council consists of 10 members of which 8 members are elected and two (Secretary and Treasurer) are newly appointed. The President is appointed from the elected Council members and serves as Vice-President for one year, after which he automatically becomes President. The President then serves as immediate past President for the next consecutive year on Council.

3.2.2 Office Bearers

The Office Bearers of Council, who comprise the Executive Committee, shall be:

1. President
2. Immediate past President/Vice President
3. Secretary
4. Treasurer

3.3 ELIGIBILITY OF COUNCIL MEMBERS

Members of Council shall be Corporate Members of the Association in good standing.

3.4 ELECTION OF COUNCIL MEMBERS

Members of Council shall be elected in accordance with the By-laws.

3.5 VACANCIES AMONG COUNCIL MEMBERS

3.5.1 Any vacancy among members of Council not elected via the block nomination shall be filled by the candidate who obtained the greatest number of votes among the unsuccessful candidates at the previous election.
Should there be no such unsuccessful candidate, the vacancy shall be filled by means of a by-election unless the vacancy arose after the 30th September of the second year of the councillor's office, in which case Council shall have the power to fill the vacancy.

3.5.2 If an office bearer of Council, elected to council via a block nomination (see by/laws 3.2.2), resigns his office, he shall automatically cease to be a Council member. Council shall have power to fill the vacancy. The person appointed by Council shall be so domiciled as to permit him and the remainder of the members of the block nomination to function effectively.

3.5.3 Any vacancy filled by Council or by means of a by-election, shall be occupied by the new member only until the completion of the term of the retired member.

3.6 ALTERNATES TO MEMBERS OF COUNCIL

If a Council Member cannot attend a Council Meeting he must appoint an alternate who is not already a member of Council and who is a Full Member of the Association in good standing. If a member of Council and his alternate are present at a Council Meeting simultaneously, the alternate shall have no vote. If a Council Member, twice during his term of office fails to appoint an alternate in writing when he is unable to attend a Council Meeting, he may be suspended as member of Council by Council and Clause 3.5 will become operative.

3.7 TERMS OF OFFICE OF COUNCIL MEMBERS

With the exception of the President, Members of Council shall hold office for two consecutive years, from the end of the AGM at which their election to Council becomes operative, to the end of the AGM two years later. Three or four members shall retire annually in rotation, but shall be eligible for re-election. The maximum period any member may serve on Council shall be two consecutive periods of two years, giving a total of four years, after which time a member may not stand for re-election until two years have elapsed. The immediate past President is automatically a member of Council for one further year.

3.8 ELECTION OF COUNCIL MEMBERS

Members of Council must be nominated by Corporate Members of the Association who are in good standing and who shall each be entitled to nominate not more than four candidates. The Council shall issue nomination forms to all Corporate Members not later than 31st October. All nominations duly signed by a proposer, together with certification that the nominees accept nomination, shall be lodged with the Secretary of the Association not later than 14th November.

3.9 UITVOERENDE KOMITEE

Die Uitvoerende Komitee van die Raad bestaan uit die ampsdraers.

3.9.1 Drie lede van die Uitvoerende Komitee vorm 'n kworum.

3.9.2 Die Uitvoerende Komitee tree in dringende gevalle namens die Raad op.

3.9.3 Alle stappe wat deur die Uitvoerende Komitee gedoen is, moet aan die volgende Raadsvergadering vir goedkeuring voorgelê word.

3.10 SEKRETARIAAT

Die Raad het die bevoegdheid om 'n Sekretaris en ander amptenare en dienare aan te stel en hulle te besoldig. Sodanige Sekretaris, amptenare en dienare is ampspligtig solank dit die Raad mag behaag, en hulle moet sodanige pligte uitvoer as wat die Raad aan hulle opdra.

3.11 NOTULES

Die Raad moet stappe neem dat notule gehou word van die verloop van alle Raadsvergaderings, die van die Genootskap, Streekstakke en die verskillende komitees.

3.12 TOETREE- EN LEDEGELDE

Die Raad het die bevoegdheid om, onderhewig aan die goedkeuring van 'n Algemene Vergadering, toetreegelde en jaarlikse ledegelde te hef, vas te stel en te wysig.

3.13 BATES EN REKENINGE

Alle bates, eiendom en fondse van die Genootskap moet in die naam van die Genootskap gehou en geregistreer word. Die Raad het die mag om alle of enige roerende of vaste eindom te koop, te verkoop, te verbeter, te bestuur, te verhuur, te verpand of op enige ander wyse te vervreem, om geld in te samel, te leen of te laat betaal, en om skenkings ter bevordering van die doelstellings van die Genootskap aan te neem. Daar moet noukeurig boek gehou word van alle bedrae wat deur die Genootskap ontvang en bestee word sowel as van die bates en laste van die Genootskap. Die Raad het die bevoegdheid om sodanige bankrekeninge te open as wat hy vir die doeleindes van die Genootskap nodig ag.
Die Eresekretaris of tesourier wat deur die Raad in diens geneem is, is verantwoordelik vir die bestuur van die Genootskap se fondse ooreenkomstig die opdragte van die Raad aan wie hy verantwoording moet doen. Die fondse van die Genootskap mag slegs vir die bevordering van die doelstellings van die Genootskap aangewend word.

3.14 OUDITEURING VAN BOEKE

Die boeke van die Genootskap moet minstens een keer per jaar geouditeer word deur 'n ouditeur wat by elke Algemene Jaarvergadering vir die volgende jaar aangestel word. Geen lid of amptenaar van die Genootskap mag vir die betrekking van ouditeur in aanmerking kom nie. Indien daar 'n toevallige vakature in die betrekking van ouditeur ontstaan, moet die Raad die vakature vul.

3.15 HANDTEKENINGE

Alle dokumente en stukke waarvoor daar namens die Genootskap geteken moet word, moet deur persone wat behoorlik daartoe deur 'n Raadsbesluit gemagtig is, geteken word.

3.16 JAARVERSLAG EN REKENINGE

Die Raad moet by elke Algemene Jaarvergadering 'n Jaarverslag oor die sake van die Genootskap voorlê tesame met 'n geouditeerde opgaaf van Inkomste en Uitgawe en 'n Balansstaat wat die stand soos op 30 November aandui.

3.17 VRYWARING

Elke Raadslid is slegs vir sy eie handelinge aanspreeklik en nie vir enige handeling gedoen of gemagtig waaraan hy nie uitdruklik sy goedkeuring geheg het nie. Voorts het geen Raadslid persoonlike aanspreeklikheid van welke aard ook al ten opsigte van enige verlies of skade wat veroorsaak word deur enige handeling, aangeleentheid of gebeure wat te goeder trou deur hom onderneem, gemagtig en toegelaat is vir die voordeel van die Genootskap nie, al sou dit die perke van sy wettige magte oorskry.

3.18 INLYWING VAN VERWANTE INRIGTINGS

Die Raad kan by ontvangs van 'n versoek van enige organisasie van wie die doelwitte ooreenstem met die van die Genootskap, reël vir die affiliëring of inlywing van 'n sodanige organisasie by die Genootskap, onder sodanige voorwaardes as waarop ooreengekom word, met die voorbehoud dat enige sodanige inlywing onderworpe is aan die goedkeuring van 'n Buitengewone Algemene Vergadering van die Genootskap, wat vir hierdie doel belê word.

3.19 STREEKSTAKKE

Die Raad kan na goeddunke en by ontvangs van 'n skriftelike versoek onderteken deur minstens vyf volle lede, woonagtig in 'n bepaalde distrik in Suidelike Afrika, 'n streekstak van die Genootskap in die distrik in die lewe roep. Die sake van so 'n streekstak moet bestuur word ooreenkomstig die Grondwet en Reglemente en is onderworpe aan die beheer van die Raad.

3.19.1 Studentetakke

Studente wat in die gebied woon waar 'n streekstak gestig is, kan by die betrokke streekstak aansoek doen om magtiging vir die stigting van 'n studentetak van die streekstak. 'n Sodanige aansoek moet skriftelik ingedien word en moet ondersteun wees deur 'n meerderheid van die aanwesiges by 'n vergadering van minstens twintig studente onder voorsitterskap van 'n Volle Lid van die Genootskap. Die besluite van 'n streekstak ten opsigte van die vorming en bestuur van studentetakke is onderworpe aan bekragtiging deur die Raad.

3.19.2 Ontbinding van 'n streekstak
Enige Streekstak of studentetak kan ontbind word deur 'n besluit van die Raad in hierdie verband, mits daar ses maande kennisgewing van sy voorneme deur die Raad aan elk van die Streekstakke gegee word. Indien 'n streekstak ontbind word, moet sy sake afgesluit en sy fondse bestee word op 'n wyse wat deur die Raad bepaal word. Fondse en bates sal aangewend word soos in Klousule 4.8.2 uiteengesit word.

3.20 REGLEMENTE

Die Raad moet Reglemente opstel wat in ooreenstemming is met die bepalings van die Grondwet, vir die afhandeling van saketransaksies en die bestuur van die sake van die Genootskap; die Raad kan hierdie Reglemente te eniger tyd aanvul, intrek of wysig. Enige toevoeging tot, herroeping, of wysiging van die Reglemente sal aan die goedkeuring deur stemming van Volle Lede op 'n AJV onderworpe wees.

3.21 VERTOLKING

In 'n geval waar daar twyfel ontstaan omtrent die betekenis en strekking van enige gedeelte van die Grondwet en Reglemente is die vertolking van die Raad bindend op lede. Indien daar verskil van mening omtrent vertolking mag ontstaan, moet die Engelse weergawe as die standaardweergawe beskou word.

4. VERGADERINGS VAN DIE GENOOTSKAP

4.1 ALGEMENE JAARVERGADERINGS

Algemene Jaarvergaderings van die Genootskap word in Januarie gehou op 'n datum wat elke jaar deur die Raad bepaal word. Op hierdie vergadering word die jaarverslag van die Raad, die geouditeerde state van inkomste en uitgawe en die balansstaat voorgelê en oorweeg; word daar 'n aankondiging in verband met die samestelling van die Raad vir die volgende jaar gedoen; en word enige ander sake waarop die Raad mag besluit, ter tafel geneem. Beskrywingspunte vir die Algemene Jaarvergadering mag deur enige Volle Lid in ooreenstemming met die Reglemente ingedien word.

4.2 BUITENGEWONE ALGEMENE VERGADERING

Alle vergaderings van die Genootskap behalwe die onder 4.1 uiteengesit, heet Buitengewone Algemene Vergaderings.

4.2.1 Die Raad kan 'n Buitengewone Algemene Vergadering belê (kyk 4.3).

4.2.2 Die Raad moet 'n Buitengewone Algemene Vergadering belê binne dertig dae vanaf die ontvangs van 'n skriftelike aansoek van minstens twintig Volle Lede wat hul verpligtings nagekom het, mits so 'n aansoek die doel waarvoor die vergadering verlang word, duidelik meld.

4.3 KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERINGS EN BUITENGEWONE ALGEMENE VERGADERINGS

Kennisgewings van die Algemene Jaarvergadering en Buitengewone Algemene Vergaderings moet minstens veertien dae voor die datum wat vir sodanige vergaderings vasgestel is, aan lede by hulle geregistreerde adresse gestuur word.

4.4 VERSUIM VAN KENNISGEWING VAN VERGADERING

Die onopsetlike versuim om enige Volle Lid van 'n vergadering van die Genootskap in kennis te stel, maak geen besluit wat by so 'n vergadering geneem is, ongeldig nie.

4.5 STEMREG

Slegs Volle Lede wat hul verpligtinge nagekom het, het stemreg.

4.6 BY VOLMAG STEM

'n Volle Lid wat nie 'n Buitengewone Algemene Vergadering kan bywoon nie, mag by volmag stem; die persoon wat as gevolmagtigde aangewys is, moet 'n Volle Lid van die Genootskap wees wat sy verpligtinge nagekom het, en sy aanstelling as sodanig moet skriftelik by die Ere-sekretaris ingedien word.

4.7 WYSIGING VAN DIE GRONDWET

Indien die Raad dit wenslik ag om 'n wysiging van die Grondwet voor te stel by wyse van byvoeging, wysiging of intrekking, of indien minstens twintig Volle Lede skriftelik die wens om 'n wysiging uitspreek, moet die wysiging:

(a) by 'n Buitengewone Algemene Vergadering, wat vir daardie doel belê is, en wat met die Algemene Jaarvergadering mag saamval, oorweeg word. Vir die aanvaarding van enige wysiging van die Grondwet moet minstens twee derdes van die stemme wat uitgebring word, ten gunste daarvan wees,

of

(b) indien die Raad dit wenslik ag, aan alle Volle Lede wat hul verpligtinge nagekom het, voorgelê word vir 'n beslissing deur middel van posstemming. Voordat die voorgestelde wysiging aanvaar kan word, moet minstens vyf-en-twintig persent van die stemgeregtigde lede hul stem uitbring en minstens twee derdes van die stemme wat uitgebring word, ten gunste van die wysiging wees.

4.8 ONTBINDING

Die Genootskap kan gelikwideer en sy sake afgesluit word, of dit kan met 'n soortgelyke liggaam amalgameer, deur 'n besluit wat aan 'n Jaarvergadering of Buitengewone Algemene Vergadering voorgelê en aanvaar word. Minstens vyf-en-sewentig persent van die stemme wat uitgebring word, moet ten gunste van so 'n ontbinding of amalgamering wees en sodanige besluit is onderworpe aan bekragtiging deur 'n posstemming waarin minstens vyf-en-twintig persent van die stemgeregtigde lede gestem het en minstens twee derdes van die stemme wat uitgebring is, ten gunste van ontbinding of amalgamering is.

4.8.1 By die voorlegging van so 'n besluit aan die lede moet daar besluit word oor die wyse waarop surplus bates van die Genootskap, na die vereffening van alle skulde, aangewend moet word. Dit moet deur posstemming geskied op dieselfde grondslag as in 4.8 aangedui.

4.8.2 Na die ontbinding van of die Genootskap of enige van sy Streekstakke, sal die oorblywende fondse en bates volgens ondergenoemde voorwaardes beheer word. (L.W. Die doel van genoemde voorwaardes is om die Genootskap of sy Streekstakke in staat te stel om geskenke of bemakings wat van belasting of boedelbelasting vrygestel is, te ontvang).

(a) Oorblywende bates mag alleenlik tot voordeel van die publiek van die Republiek van Suid-Afrika en/of van die gebied van Suidwes-Afrika/Namibië bestee word.

(b) Oorblywende bates mag alleenlik oorgedra word na of

(i) 'n opvoedkundige-, godsdienstige- of liefdadigheidsinrigting; of

(ii) inrigtings van 'n openbare aard binne die gebiede aangestip in (i) wat self van belasting vrygestel is.

5. MEDALJES EN TOEKENNINGS

Daar word drie Medaljes vir Plantkunde en een Sertifikaat van Verdienstelikheid deur die Genootskap toegeken naamlik:

5.1 DIE SUID-AFRIKAANSE MEDALJE VIR PLANTKUNDE

5.1.1 Kwalifikasies vir toekenning van die medalje

5.1.1.1 Die medalje is die hoogste toekenning vir Plantkunde in Suid-Afrika en word uitsluitlik toegeken op grond van uitstaande plantkundige navorsing.

5.1.1.2 Die toekenning word slegs in uitsonderlike gevalle en slegs aan uitstaande kandidate wie se werk deur die Raad as van besondere hoë standaard beskou word, gemaak.

5.1.1.3 Die medalje mag aan enige plantkundige wat 'n besondere merietwaardige bydrae tot plantkundige navorsing gemaak het, toegeken word.

5.1.1.4 Die medalje mag slegs aan een persoon per kalenderjaar toegeken word.

5.1.2 Nominasies vir die medalje

5.1.2.1 Nominasies vir die medalje kan deur 'n Volle Lid van die Genootskap aan die Raad voorgelê word.

5.1.2.2 'n Curriculum vitae van die voorgestelde kandidaat moet ingedien word tesame met 'n volledige lys van sy publikasies, asook 'n waardering van die kandidaat se wetenskaplike bydrae tot plantkunde.

5.1.2.3 Die Raad sal sorg dat 'n aanvraag vir nominasies voor 30 April van elke jaar aan alle Volle Lede gestuur word. Nominasies moet die Sekretaris nie later as 10 Julie bereik nie.

5.1.2.4 Indien 'n persoon in meer as een jaar voorgestel word moet 'n volledige curriculum vitae, lys van publikasies en waardering van sy bydrae tot plantkunde opnuut voorgelê word.

5.1.3 Verkiesing

5.1.3.1 Geen bespreking van genomineerdes sal in 'n Raadsvergadering plaasvind nie.

5.1.3.2 Stembriefies sal deur ten minste drie lede van die Uitvoerende Komitee van die Raad getel word. Raadslede sal skriftelik van die uitslag verwittig word. Die Sekretaris sal aan die kandidaat meedeel dat 'n medalje aan hom/haar toegeken is en by welke geleentheid dit oorhandig sal word.

5.1.3.3 Om verkies te word moet minstens 8 Raadslede 'n gunstige stem uitbring.

5.1.4 Oorhandiging van medalje

Die oorhandiging sal op 'n tyd of geleentheid geskied soos deur die Raad bepaal.

5.2 DIE SAGP SENIOR MEDALJE VIR PLANTKUNDE

5.2.1 Kwalifikasies vir toekenning van die medalje

5.2.1.1 Die medalje word toegeken op grond van uitstaande navorsing en/of ander bydraes tot die bevordering van plantkunde in Suid-Afrika.

5.2.1.2 Die medalje mag aan enige plantkundige toegeken word.

5.2.1.3 Die medalje mag slegs aan een persoon in enige gegewe kalenderjaar toegeken word.

5.2.1.4 Geen toekenning sal gemaak word indien die meriete van die kandidaat na die Raad se mening nie aan die vereiste hoë standaard voldoen nie.

5.2.2 Nominasies vir die medalje

Nominasies word op dieselfde wyse gedoen soos neergelê vir die "Suid-Afrikaanse Medalje vir Plantkunde" (5.1.2). In gevalle waar 'n kandidaat se bydrae nie alleen tot wetenskaplike navorsing beperk is nie, moet daar op die ander aspekte uitgebrei word.

5.2.3 Verkiesing

Om verkies te word moet minstens 7 Raadslede 'n gunstige stem uitbring.

5.2.4 Oorhandiging van medalje

Soos vir die "Suid-Afrikaanse Medalje vir Plantkunde" (5.1.4).

5.3 DIE SAGP-JUNIORMEDALJE VIR PLANTKUNDE

5.3.1 Kwalifikasies vir toekenning van medalje

5.3.1.1 Die medalje word vir 'n besonder uitstaande proefskrif toegeken wat oor 'n plantkunde-onderwerp handel en wat tot die toekenning van 'n doktorsgraad aan 'n Suider-Afrikaanse universiteit gelei het. (Sluit alle gebiede suid van Angola, Zambië, Malawi en Mosambiek in). Slegs proefskrifte wat in Afrikaans of Engels geskryf is, is aanvaarbaar.

5.3.1.2 In buitengewone gevalle kan die medalje aan meer as een persoon binne 'n kalenderjaar toegeken word.

5.3.1.3 Geen toekenning sal gemaak word indien die Raad van mening is dat nie een van die voorgelegde proefskrifte aan die vereiste hoë standaard voldoen nie.

5.3.2 Nominasies vir SAGP-Juniormedalje vir Plantkunde

5.3.2.1 Nominasies vir die medalje sal jaarliks aangevra word.

5.3.2.2 Voor die einde van Maart van elke jaar sal die Ere-Sekretaris van die Genootskap alle universiteite in Suider-Afrika skriftelik nooi om 'n eksemplaar van die beste proefskrif wat gedurende die vorige kalenderjaar tot die toekenning van 'n doktorsgraad tydens 'n promosieplegtigheid gelei het, voor die einde van April van dieselfde jaar, vir beoordeling voor te lê. Slegs in uitsonderlike gevalle mag 'n universiteit meer as een proefskrif voorlê.

5.3.3 Beoordeling van voorgelegde proefskrifte

5.3.3.1 'n Paneel van drie beoordelaars sal deur die Raad aangewys word sodra die proefskrifte beskikbaar is.

5.3.3.2 Die meerderheidsbesluit van die beoordelaars sal finaal wees en daar sal geen verdere bespreking of korrespondensie oor die resultate gevoer word nie.

5.3.3.3 Die besluit van die beoordelaars moet nie later as 31 Julie van die jaar waarin die proefskrifte aangevra is, aan die Sekretaris beskikbaar gestel word nie.

5.3.4 Oorhandiging

Soos vir die "Suid-Afrikaanse Medalje vir Plantkunde" (5.1.4).

5.4 DIE SAGP SERTIFIKAAT VAN VERDIENSTELIKHEID

5.4.1 Kwalifikasies vir toekenning van die sertifikaat

5.4.1.1 Die sertifikaat word toegeken vir uitstaande bydraes op wetenskaplike, tegniese, artistiese, opvoedkundige of enige ander plantkundige gebied deur enige persoon wat nie in besit van 'n Universiteitsgraad in Plantkunde is nie.

5.4.1.2 Die sertifikaat kan aan enige persoon, nieteenstaande sy/haar beroep, wat volgens 5.4.1.1 kwalifiseer, toegeken word.

5.4.1.3 'n Formele tegniese of ander plantkundige opleiding wat nie gelei het tot 'n Universiteitsgraad in Plantkunde nie sal nie 'n kandidaat diskwalifiseer nie.

5.4.1.4 Die sertifikaat kan net aan een persoon in enige gegewe kalenderjaar toegeken word.

5.4.1.5 Geen toekenning van die sertifikaat sal gemaak word indien die meriete van die kandidaat na die Raad se mening nie aan die vereiste hoë standaard voldoen nie.

5.4.2 Nominasies vir die sertifikaat

Nominasies word op dieselfde wyse gedoen soos neergelê vir die "Suid-Afrikaanse Medalje vir Plantkunde" (5.1.2).

5.4.3 Verkiesing

Om verkies te word moet minstens 7 Raadslede 'n gunstige stem uitbring.

5.4.4 Oorhandiging van die sertifikaat

Soos vir die "Suid-Afrikaanse Medalje vir Plantkunde" (5.1.4).

REGLEMENTE

1. VERKIESING TOT LIDMAATSKAP

1.1 VERKIESING OF OORPLASING DEUR RAAD

Die verkiesing of oorplasing van kandidate na enige graad van lidmaatskap van die Genootskap word deur die Raad gereguleer en beheer.

1.2 VERKIESING VAN GEWONE LEDE, EN GEAFFILIEERDE LEDE

'n Kandidaat vir verkiesing tot die graad van Gewone Lid of Geaffilieerde Lid moet die voorgeskrewe aansoekvorm voltooi waarop die name van 'n voorsteller en twee sekondante, wat almal Volle Lede moet wees, moet verskyn.

1.3 VERKIESING VAN STUDENTELEDE

'n Kandidaat vir verkiesing tot die graad van Studentelid moet die voorgeskrewe aansoekvorm voltooi en moet deur 'n Volle Lid voorgestel word wat op grond van persoonlike kennis oor die geskiktheid van die kandidaat moet getuig.

1.4 OORPLASING NA NUWE GRAAD VAN LIDMAATSKAP

Reglement 1.2 is van toepassing op die oorplasing van 'n lid van een graad na 'n ander.

1.5 VERKIESING VAN ERELEDE

1.5.1 Alle sake rakende die voorstelling van Erelede sal ten alle tye vertroulik wees ter beskerming van die voorgestelde kandidaat.

1.5.2 Erelidmaatskap sal deur 'n lid voorgestel en deur tien of meer lede gesekondeer word. Alle voorstellers en sekondante moet stemgeregtigde lede van goeie naam wees. Die voorstel sal van 'n volledige curriculum vitae en motivering vergesel word.

1.5.3 Die voorstel sal deur 'n komitee van drie deskundiges op die gebied van die kandidaat oorweeg word. Hierdie komitee sal deur die Raad benoem word.

1.5.4 Die komitee sal die volgende punte in ag neem vir oorweging van kandidate:

(a) Aansien in bepaalde rigting van betrokke plantkundige werk;

(b) Dienste gelewer ten bate van Plantkunde in Suider-Afrika.

(c) Eer bewys aan die kandidaat terwyl nog in die lewe maar nie noodwendig nog aktief besig met plantkundige werk nie.

(d) Professionele kwalifikasies hoef nie deurslaggewend te wees nie.

1.5.5 Die komitee sal 'n vertroulike verslag sowel as hulle aanbeveling aan die Raad voorlê. Die Raad sal 'n finale beslissing gee en die sekretaris opdrag gee om of:

(i) 'n skrywe te rig aan die kandidaat om te verneem of die aangebode Erelidmaatskap aanvaarbaar is; of

(ii) die voorsteller skriftelik in kennis stel dat die saak afgehandel is sonder dat uitvoering aan die versoek gegee is, maar dat die saak steeds as vertroulik beskou moet word.

2. LEDEGELDE

2.1 LEDEGELDE

Die jaarlikse ledegelde is soos volg:

GRAAD	LEDEGELD
Erelid	Geen
Lewenslange Lid	20x jaarlikse gewone lid (eenmalig)
Gewone Lid	R15,00
Geaffilieerde Lid	R12,00
Afgetreede lid (op aanvraag alleenlik)	½ van vooraftree ledegeld
Studentelid	R10,00
Instituutslid	4x jaarlikse gewone lid

2.2 JAARLIKSE LEDEGELDE BETAALBAAR

Jaarlikse ledegelde is op 1 Desember van elke jaar vooruit betaalbaar.

2.3 NALATIGES

'n Lid wie se jaarlikse ledegeld op 31 Maart van enige jaar agterstallig is, word as nalatig beskou en is nie langer geregtig op die ontvangs van die kennisgewing en publikasies van die Genootskap of enige regte en voorregte van lidmaatskap nie.

2.3.1 'n Lid wie se jaarlikse ledegeld vir een jaar lank onbetaal is, kan deur 'n Raadsbesluit uit die Genootskap uitgesluit word en sy lidmaatskap word daarna beëindig. Kennisgewing van hierdie uitsluiting moet skriftelik aan hom gestuur word by sy jongste geregistreerde adres drie maande voor die vervaldatum van sy lidmaatskap. Sodanige uitsluiting onthef hom egter nie van die aanspreeklikheid vir bedrae nog deur hom verskuldig nie. Die lidmaatskap van enige persoon wie se lidmaatskap op hierdie wyse beëindig is, kan indien dit die Raad behaag en by betaling van alle verskuldigde gelde, herstel word binne een jaar vanaf die datum waarop die beslissing waarvolgens hy uitgesluit is, geneem is. Hierna mag hy slegs onder sodanige voorwaardes as waarop die Raad mag besluit, hertoegelaat word.

2.4 LEDEGELD BY BEREIKING VAN AFTREE-OUDERDOM

'n Lid wat sy verpligtings nagekom het, en wat die ouderdom van vyf-en-sestig jaar bereik het, en minstens vyftien jaar lank ononderbroke lid van die Genootskap was, kan met die behoud van die voorregte verbonde aan sy lidmaatskapgraad, by die Raad aansoek doen om sy ledegeld aan te pas.

2.4.1 'n Lid wat onder hierdie klousule ressorteer, en wat minstens vyf-en-twintig jaar lank ononderbroke lid van die Genootskap was, word, op aansoek, vrygestel van die verdere betaling van ledegelde.

2.5 KWYTSKELDING VAN LEDEGELDE

Die Raad kan in buitengewone omstandighede die ledegeld van enige lid verminder of hom dit kwytskeld.

2.6 INSTITUUTAFGEVAARDIGDES

Instituutlede van die Genootskap kan twee afgevaardigdes na kongresse, werksgroepe of ander geleenthede teen die normale tariewe wat op gewone lede van toepassing is, stuur.

3. VERKIESING VAN RAADSLEDE

3.1 VERKOSE RAADSLEDE

Raadslede word op meriete verkies.

Verkose Raadslede word deur Volle Lede van die Genootskap, wat hul verpligtings nagekom het, genomineer en elkeen van hulle is daarop geregtig om hoogstens vier kandidate te nomineer. Die Raad moet sorg dra dat nominasievorms nie later as 31 Oktober nie aan alle Volle Lede gestuur word. Alle nominasies behoorlik deur 'n voorsteller onderteken, tesame met bevestiging dat die genomineerdes nominering aanvaar moet nie later as 14 November nie by die sekretaris van die Genootskap ingelewer word.

3.1.1 Indien die getal nominasies die vakaturetal oorskry, word 'n posstemlys wat die volle name van die kandidate en hul sake-adresse en beroepe aandui, voor of op 21 November aan alle Volle Lede gepos. Stembriefies moet, na behoorlike voltooiing, aan die Ere-sekretaris teruqbesorg word om hom nie later as 12h00 op 7 Desember te bereik nie.

3.1.2 Indien die nominasielys nie genoeg lede bevat om al die vakatures te vul nie moet die Uitvoerende Komitee geskikte lede nomineer om die lys te voltooi.

3.1.3 Op 'n Raadsvergadering voor 7 Desember word uit die geledere van die Raad drie stemopnemers gekies op wie die taak sal rus om die stembriewe oop te maak, te ondersoek en die uitslag, wat as finaal beskou word, aan die Uitvoerende Komitee te rapporteer.

3.1.4 Indien 'n gelyke getal stemme op twee of meer kandidate uitgebring word, wat nie almal gekies kan word nie, moet die Uitvoerende Komitee met geslote briefies stem om te besluit watter kandidaat/kandidate gekies moet word. Waar 'n gelyke getal stemme op twee of meer kandidate uitgebring word, het die President 'n gewone en 'n beslissende stem.

3.1.5 'n Kort curriculum vitae moet by die stembrief aangeheg word waarop die streke kan aandui dat dit hulle genomineerde kandidaat is.

3.2 DIE UITVOERENDE KOMITEE VAN DIE RAAD

3.2.1 Die Uitvoerende Komitee van die Raad bestaan uit die ampsdraers soos omskrywe in die Grondwet paragraaf 3.2.2, te wete President; Uitgetrede President/Vise-President; Sekretaris; Tesourier.

3.2.2 (1) Een jaar voor die verstryking van die termyn van die President wys die Raad 'n Vise-President uit eie geledere aan wat by die verstryking van die termyn van die President dan outomaties in 'n termyn van twee jaar as President sal dien.

(2) Die uitgetrede President dien vir een jaar wat onmiddellik na sy termyn as President sal volg, as Pas-uitgetrede President, op die Raad.

(3) Genomineerde lede (Sekretaris en Tesourier) word deur die Raad, in oorleg met die aangewese Vise-President, aangewys, sodanig dat die Uitvoerende Komitee, uitgesonder die Pas-uitgetrede President, verkieslik in dieselfde sentrum woon.

3.2.3 Reiskoste van Raadslede wat Raads- en/of Uitvoerende Komitee vergaderings bywoon wat nie gelyktydig met die Algemene Jaarvergadering plaasvind nie, sal, indien nodig, teen uiters ekonomiese klas vergoed word.

4. DIE RAADSVERGADERINGS EN -PLIGTE

4.1 VOORSITTER

Die President, of in sy afwesigheid 'n Vise-President, of in afwesigheid van al drie, 'n Raadslid wat deur die vergadering gekies is, tree as Voorsitter by 'n Raadsvergadering op.

4.2 STEMPROSEDURE

By Raadsvergaderings moet alle aangeleenthede deur die meerderheidstem beslis word, met die voorbehoud dat wanneer sake bespreek word waarvan daar nie by 'n vorige vergadering of op die agenda behoorlik kennis gegee is nie, die stemming op versoek van 'n aanwesige lid, gesteun deur 'n sekondant, oorstaan tot die volgende vergadering wanneer kennisgewing van die aangeleentheid aldus uitgestel, op die agenda moet verskyn.

4.2.1 Die Voorsitter het 'n gewone stem en in gevalle waar gelykop gestem is, ook 'n beslissende stem.

4.3 AANSTELLING VAN KOMITEES EN VERTEENWOORDIGERS

Die Raad stel komitees en verteenwoordigers met hul plaasvervangers aan soos benodig word.

4.3.1 Die President is ex officio lid van alle Komitees.

5. ALGEMENE VERGADERINGS

5.1 VOORSITTER

Die President, of in sy afwesigheid 'n Vise-President, of in die afwesigheid van aldrie, 'n Lid wat deur die vergadering gekies is, tree as Voorsitter by 'n vergadering van die Genootskap op.

5.2 KWORUMS

Die kworum vir Algemene Jaarvergaderings is die getal lede aanwesig.

5.2.1 Die kworum vir Buitengewone Algemene Vergaderings is vyf-en-twintig Volle Lede wat hul verpligtinge nagekom het.

5.2.1.1 Indien daar nie 'n kworum by 'n Buitengewone Algemene Vergadering is nie, moet die vergadering uitgestel word vir 'n tydperk van minstens veertien dae en hoogstens dertig dae vanaf die datum waarop die Buitengewone Algemene Vergadering gehou is en enige getal Volle Lede wat hul verpligtings nagekom het en wat dan by so 'n uitgestelde Buitengewone Algemene Vergadering teenwoordig is, vorm 'n kworum.

5.3 STEMMING

Alle voorstelle wat aan 'n Gewone Jaarvergadering of aan 'n Buitengewone Vergadering voorgelê word, word deur meerderheidstem beslis, met die voorbehoud dat stemming by wyse van geheime stembriefies deur enige twee Volle Lede wat hul verpligtings nagekom het, geëis kan word.

5.3.1 Die Voorsitter by 'n Gewone Jaarvergadering of 'n Buitengewone Algemene Vergadering het 'n beraadslagende sowel as 'n beslissende stem.

6. STREEKSTAKKE

6.1 REËLS

Streekstakke moet hul sake in ooreenstemming met die reëls wat deur die Raad goedgekeur is, behartig.

6.2 VERSOEK OM 'N STREEKSTAK TE STIG

Versoeke moet aan Artikel 3.19 van die Grondwet van die Genootskap voldoen. Dit hou in dat die versoek skriftelik aan die Raad gerig moet word, dat dit deur minstens vyf Volle Lede wat in die spesifieke streek in Suider-Afrika woonagtig is, onderteken moet wees, en dat die sake van 'n Streekstak in ooreenstemming met die Grondwet en Reglemente van die Genootskap behartig moet word waar dit van toepassing is, en dat die Streekstak aan die beheer van die Raad onderhewig moet wees.

6.3 STREEKSKOMITEES

Daar word aanbeveel dat Streekskomitees uit minstens die volgende bestaan:

6.3.1 'n Voorsitter
6.3.2 'n Vise-Voorsitter
6.3.3 'n Eresekretaris/-Tesourier
6.3.4 Vier Gewone Lede

6.4 NOTULE

Afskrifte van die notules van alle verrigtinge van Streekstakke moet aan die Raad gestuur word in ooreenstemming met Artikel 3.11 van die Grondwet van die Genootskap.

6.5 JAARVERSLAE EN REKENINGE

Elke Streekstak dien 'n jaarverslag oor die sake van die betrokke Afdeling in asook sy state van inkomste en uitgawes en 'n balansstaat soos op die jongste 30 November om die Sekretaris minstens 14 dae voor die Algemene Jaarvergadering van die Genootskap te bereik.

6.6 FINANSIES

Die Raad styf die fondse van 'n behoorlik gekonstitueerde Streekstak teen 'n tarief van R2 vir elke geregistreerde lid van die Streekstak wat sy verpligtinge nagekom het.

6.7 STUDENTETAKKE

(Kyk Artikel 3.19.1 van die Grondwet van die Genootskap).

6.8 ONTBINDING VAN 'N STREEKSTAK

(Kyk Artikel 3.19.2 van die Grondwet van die Genootskap).

7. AFBAKENING VAN STREKE

7.1 DAAR SAL SEWE STREKE WEES, NAAMLIK:

7.1.1 Die Noordelike Transvaalstreek
wat bestaan uit die gedeelte van Transvaal noord van die 26ste breedtegraad en sluit die gebiede Botswana en Zimbabwe in, maar sluit Swaziland uit.

7.1.2 Die Suidelike Transvaalstreek
wat uit die gedeelte van Transvaal suid van die 26ste breedtegraad bestaan en die gebied Swaziland insluit.

7.1.3 Die Oranje-Vrystaatstreek
wat bestaan uit die Provinsie Oranje-Vrystaat, die gebied Lesotho en die gedeelte van die Kaapprovinsie noord van 'n lyn getrek vanaf Modderrivier (suid van Kimberley) tot by die snypunt van die Oranjerivier en die 20ste lengtegraad.

7.1.4 Die Natalstreek
wat uit die Provinsie Natal bestaan.

7.1.5 Die Oostelike Kaapprovinsiestreek
wat bestaan uit die gedeelte van die Kaapprovinsie oos van die 22ste lengtegraad.

7.1.6 Die Suidwestelike Kaapprovinsiestreek
wat bestaan uit die gedeelte van die Kaapprovinsie wes van die 22ste lengtegraad en suid van die grens van die O.V.S.-streek soos in 7.1.3 afgebaken.

7.1.7 Die Suidwes-Afrika/Namibiëstreek
wat bestaan uit die gebied Suidwes-Afrika/Namibië.